



# Bewarea Conservancy

## herfs / autumn 2022



local  
fauna &  
flora



Aangenamer vir almal  
Nurdles  
Jane Goodall

dit is in ons natuur / it is in our nature



2

# NURDLES



Nurdles are small plastic pellets about the size of a lentil used in the plastic manufacturing industry. Countless billions are used each year to make nearly all our plastic products, unfortunately a percentage of those ends up as debris, washed up on our shores. Over 360 million tonnes of plastic were produced in 2021, weighing more than the total weight of the human population!

After nurdles are produced they are transported across the world in their billions. During each stage of the process, from pellet to product, nurdles are spilt. When not cleaned up properly they enter waterways eventually reaching our oceans with the global estimate being close to 230,000 tonnes of nurdles polluting our oceans every year.

Nurdles in the environment pose a threat to most creatures and habitats for years to come. This is because nurdles are tiny, persistent and potentially toxic. Due to their size, and often clear colour, nurdles can look like fish eggs which makes them particularly attractive to seabirds, fish and other marine wildlife. Plastic can get trapped in an animal's stomach causing ulceration, making them feel full and stopping them eating real food. This can lead to starvation and potentially death. Toxic chemicals can also transfer from micro plastic to animals that eat them, causing further harm - another route for these chemicals to enter the food chain.

As we know, we have had two major incidences of nurdle spillage of our coastline recently viz the spillage off Durban harbour in 2017 and the spillage off Plettenberg Bay in 2020. The latter severely polluting the oceans and beaches from the Kei River to Yzerfontein.



We would like to encourage all to take part in the eradication of nurdles from our beaches.

It is suggested that all collected nurdles once rinsed can be placed in the green igloos demarcated for plastic disposal.

These are situated at the Community Hall and near Swemgat in Pearl Bay.

links

<https://youtu.be/YUtNE5nAV44>

<https://youtu.be/6XjaCIBixpc>

# AANGENAMER VIR ALMAL



**tot nou toe**



**van nou af**

Tot nou toe moes strandgangers in die mooiste dorp aan die Weskus paadjies soos hierbo gebruik om op die klam sand van die hoofstrand te kom.

Maar toe breek 2022 aan...


'n Waardevolle en noodsaaklike oprit is gebou om rolstoelgebonde mense, bejaardes en moeders met kinders in stoetwaentjies maklike toegang tot die klam sand van die hoofstrand te gee. Die hele projek is met groot liefde bedink en met donasies gebou.

**Baie geluk, en dankie, aan Douglas Wheatley en sy medewerkers.**



Die Bewarea het besoekers genooi om 'n spekboom te neem en tuis te gaan plant as herinnering aan die mooi geleentheid.

Dit gee Loffie Euvrard, "Yzerfontein se eie Strijdom van der Merwe", ewige plesier om sy klipkuns te beoefen. [Om agterná veiligheidshalwe af te takel.]



## ROOIKAT (E. - Caracal)

Die Afrikaanse benaming kom van die rooibruin kleur van die dik haremata, terwyl die Engelse Caracal eintlik van die Turkse taal afkomstig is en na die kenmerkende swart ore verwys. Volwasse Rooikatte kan 'n massa van 9 tot 19 kg hê.

Rooikatte is geheimsinnige alleenloper-diere (behalwe in die paartyd) en sluip maar hier in die dorp rond. Dis eintlik 'n nagdier, maar is al baiekeer bedags gewaar. Die baie groen areas wat ons bevoorreg is om te hê, bied oorvloedig skuiling, maar sy water kry hy in die somer in voëlbakke.

Die Rooikat se enigste vyand is skaapboere wanneer hy lammers vang. Sy kos is meestal voëls, tarentale, fisante en muise wat hy bekruip, dan oorrompel en met sy sterk kake en skerp tandे dood byt. Sy kos sluk hy in sonder om dit te kou.



**'n Rooikat (nogal maer) in 2017 in  
'n tuin in Yzerfontein afgeneem.**



**Klein rooikatjies word een tot drie op 'n slag in die somer gebore en bly vir +/- tien maande by die ma voordat hulle elders blyplek vind.**

skakels

Klein Rooikatjies

<https://youtu.be/yo9laOjLiW0>

Rooikat vang tarentaal

<https://youtu.be/9EZIORLgLyM>

## MAARTLELIE(E. belladonna-lily)

Afgesien van die feit dat die "Maartlelie" ook "Maartblom" genoem word, is daar minstens vyf ander spesies wat ook "Maartblom" genoem word. 'n Ander Afrikaanse naam, die "Belladonnalelie" is baie nader aan die korrekte Linnaeus-klassifikasie nl. *amaryllis belladona* wat "herderin" en "mooi vrou" beteken.



As die temperatuur in die herfs begin daal en die grondvog meer raak, verskyn die trompetvormige pienk blomme op die rooierige stele. Die saad word aan die begin van die reënseisoen deur die wind versprei. Dit kan binne twee weke ontkiem, maar dit sal drie tot ses jaar duur voordat dit begin blom, en dan ook nie eens elke jaar nie. Die langwerpige blare verskyn 'n paar weke na die blom reeds verwelk en saad geskiet het.

Dis seker vir niemand nuus dat die Maartlelie in die herfs blom nie, dalk ook nie dat dié bolplant oral in die winterreënvalstreek van die Wes-Kaap voorkom nie. Dalk is dit nuus dat "ons" Maartlelie oor die hele wêreld baie gewild is. Blomkwekers het 'n hele paar variante in verskillende kleure geskep en sommige tuiniers en blomliefhebbers oorsee sal dink dat dié blomsoort inheems aan hul eie land is.

## Cape Robin-Chat\* (A.— Jan Frederik)

This small bird (*Cossypha caffra*) is an accomplished songster and is frequently seen and heard in and around our gardens, especially during early morning and evenings. They are distributed in southern Africa and feed on insects.



A five-year occupation of a breeding territory by the same pair is commonplace.

A song-filled, perky, shy, yet curious bird that bears an orange throat and a striking white speculum. It has become one of the most familiar and easily identifiable birds in South Africa, as it has adapted well to living alongside humans and their gardens.

This bird species is not endangered.

\* In colonial times the British named almost all red and orange breasted birds after their red robin. In India and Africa the “robin” is in fact a chat.

link

Cape Robin-chat

<https://youtu.be/snazn7URoAE>

## AFRICAN PENGUIN (A.— Brilpikkewyn)

The African penguin is endemic to coastal areas of southern Africa. It is a charismatic species that is known for its loud donkey-like braying noises (hence the common name Jackass penguin). It is a flightless bird, but admirably adapted to life at sea and on land.

This species has experienced rapid population declines over the past century, due to overexploitation, habitat pollution and food availability due to commercial fishing. As a result, the African penguin is classified as endangered, as is clear from research on one of their protected breeding sites on Dassen Island. They are monogamous and breed during March - May, producing 1–2 eggs that incubate in about 40 days.

Let us hope that this exceptional group of birds do not become extinct.



links

Penguins on Dassen Island

[https://youtu.be/oTOcJj\\_NNUg](https://youtu.be/oTOcJj_NNUg)

Boulders colony

<https://youtu.be/VPveNFudKro>

# BROKKIES / SNIPPETS



## Goeie bedoelings; slegte gevolge.

Hierdie werk was nodig om sogenaamd “water wise” plante tussen inheemse plante te verwijder.

Behalwe dat die plante on-welkom is hier by ons, verdryf dit die natuurlike plantegroei.

**'n Huiseienaar se plan om sommige “water wise” plante – veral yucca en agave – in die plek van endemiese plante te vestig om waterverbruik te beperk, is nooit 'n goeie besluit nie. Die saad beland in ons groen areas waar dit nie mag kom nie, en verder, as 'n tuinier die plant wil verwijder, het hy baie probleme.**

Voortplanting geskied met saad én vegetatief en om van daardie wortels in die grond ontslae te raak, is geen grap nie. Dit vereis letterlik jare se opvolgwerk.



## Useful contacts

1. **Ben Tromp**, chairman of the committee of the YUC:  
082 494 7004; 022 451 2572; [mwbtromp@mweb.co.za](mailto:mwbtromp@mweb.co.za)
2. Secretary **Hilary England**: 083 300 6171;  
[hilary@logicalapproach.co.za](mailto:hilary@logicalapproach.co.za)
3. Members — **Chris Kotze**: 083 627 9392;  
[membership@bewarea.org.za](mailto:membership@bewarea.org.za).
4. Local snake handler – **Johan Snyman**: **082 370 9768**.
5. To get rid of a **swarm bees** on your property, phone **Anton Bouwer** (082 371 0578). If possible, he will help you.
6. **SANCCOB**: 021 557 6155 [a/h 078 638 3731]

Conservancy website

[www.bewarea.org.za](http://www.bewarea.org.za)

“You cannot get through a single day without having an impact on the world around you. **What you do makes a difference**, and you have to decide what kind of difference you want to make.” —Jane Goodall



edUTOPIA

## More from the inspiring Jane Goodall:

- “The greatest danger to our future is apathy.”
- “*Lasting change is a series of compromises.*  
*And compromise is all right,*  
*as long as your values don’t change.*”
- “*To reconnect with nature is key*  
*if we want to save the planet.*”

Inwoners maak op 'n verskeidenheid maniere 'n verskil op ons dorp. Bedink maar 'n Yzerfontein sonder die opoffering en vrywillige werk van die Buurtwag en die NSRI.

### Daardie VERSKIL...

Die bestaansdoel van die BEWAREA is om met die hulp en samewerking van bewaringsbewuste inwoners 'n blywende **VERSKIL** aan die totale **OMGEWING** van Yzerfontein te maak.

**Koos en Sanet Otto** (regs bo) woon baie naby “Volstruistuin” aan Volstruislaan. Hulle stap gereeld daarlangs, kyk rond, en verwittig die Bewarea as ingryp daar nodig is. Hulle is die spreekwoordelike oë van die Bewareakomitee.

**Elna Oosthuizen** (regs) het laasjaar aangebied om die meeste van die “Bewareatuine” onder haar vlerk te neem. Min het ons geweet watter invloed sy op die verfraaiing van Yzerfontein sou hê! Haar “dorpstuine” lyk soos “huistuine”.

En sy doen nog ander liefdadigheidswerk ook.

The  
Jane Goodall Institute  
<https://youtu.be/HdYfhPPBt0E>

link



# DIE OPBERG VAN GROEN ENERGIE

Talle mense is blinkoog oor groen energie, maar weet ook dat dit 'n wispetlurige bron is. 'n Groter vraagstuk is egter hoe om die energie op te berg as dit nie direk aangewend word nie. Daar is 'n paar moontlike of gedeeltelike opsies van hoe om son of wind gegenereerde krag te berg.

Die mees algemene oplossing op die oomblik vir huishoudings is batterye, maar dis relatief duur. En wat méér is, die absoluut "anti groen" proses om die batterye te vervaardig en later weer weg te doen, laat "groenes" rooi sien! Die stelsel om water met oortollige (of groen) krag na 'n hoogliggende reservoir te pomp en dan die terugloei te gebruik om krag op te wek, is bekend. Só 'n stelsel is sedert 1977 by die Steenbrasdam in werking. Daar is etlike soortgelyke stelsels in Suid Afrika, waarvan die Ingula seker die grootste is. Die nadele van hierdie stelsels is die lae doeltreffenheid - 60 tot 70% - die hoë insetkoste, die gebrek aan gesikte terreine, en die beskikbaarheid van water, hoewel min in die proses verlore gaan.

By Upington (Khi Solar One) is 'n geweldig groot installasie waar sout ingespan word om energie op te berg. Sonenergie word met menigvuldige spieëls outomatis op 'n reusagtige houer sout gerig. Die hitte-energie smelt die sout en word so opgeneem om snags gebruik te word om krag op te wek. Dié spesifieke stelsel werk verstommend goed en kan ná 'n goeie sonskyndag tot 12 uur lank 1,5 Mw lewer. Dit is egter 'n baie duur installasie.

Suid-Afrikaanse politici loof gereeld waterstof as 'n bron van groen energie, maar wat hulle nalaat om te noem, is dat kommersiële vervaardiging van waterstof tans met olie of steenkool gedoen word. Dus, glad nie groen nie!

Waterstof is 'n ideale brandstof met geen besoedeling nie, maar die beringing van waterstof is 'n praktiese probleem. Dit moet teen 'n baie hoë druk in swaar en geværlike drukvate gehou word, of dit moet kriogenies (baie lae temperatuur) vervloeи en in 'n dik, geïsoleerde houer gehou word waar dit stadig afdamp om vloeibaar te bly. Die vloeibare waterstof weeg maar 'n tiende van petrol, dus moet die tenks baie groot wees vir dieselfde hoeveelheid potensiële energie.

'n Kombinasie van groengedrewe energie waar waterstof elektrolities vervaardig word om dit in branstofselle (fuel cells) te gebruik, is egter 'n proses wat baie belowend klink.

